basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2017

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met TIEN vrae in totaal. Beantwoord slegs AGT vrae soos volg:

   AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)
   - Beantwoord VIER van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 3 en VRAAG 4. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)
   - Beantwoord VIER van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.

4. **LET WEL:** Indien jy gevra word om *te verduidelik/breedvoerig te skryf/ te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk*, skryf jou antwoord in volsinne en gee soveel inligting as moontlik. Eenwoord-antwoorde sal NIE aanvaar word NIE.

5. Jy kan rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Goeie Afrikaans te gebruik (skryf slegs in een taal)
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: VOEDING EN GEESTESGESONDHEID

1.1 Gee 'n duidelike uiteensetting van wat met 'n *gebalanseerde dieet* bedoel word en hoe goeie voeding tot 'n danser se optrede/dans kan bydra. (5)

1.2 Stres en spanning kan verhinder dat 'n danser sy/haar maksimum potensiaal in die klas bereik. Beskryf TWEE simptome van stres en spanning en hoe dit 'n danser kan beïnvloed. (2)

1.3 Beskryf duidelik DRIE ontspanningstegnieke wat jy kan gebruik om stres en spanning te verminder. (3)
**[10]**

### VRAAG 2: FIKSHEIDSKOMPONENTE

Daar is VYF komponente van fiksheid wat 'n danser nodig het om optimaal op te tree/ te dans. Moet NIE voeding of lewenstylkeuses by die antwoord insluit NIE.

Verskaf die volgende inligting:

- Die naam en 'n definisie van elke komponent (5)
- 'n Verduideliking van hoe elke komponent tot 'n danser se optrede/dansvernuf bydra (10)

**[15]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 3 en VRAAG 4.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 3: SPIERE EN AKSIES**

Jy moet 'n les oor 'n paar van die hoofbeenspiere wat in dans gebruik word, aan 'n graad 10-dansklas gee. Berei die volgende inligting voor:

3.1 Noem VIER belangrike spiere/spiergroepe en beskryf aan die klas waar hierdie spiere/spiergroepe geleë is. (4)

3.2 Kies enige TWEE spiere/spiergroepe en skryf die volgende neer:

- EEN anatomiese aksie vir elke spier/spiergroep (2)
- 'n Voorbeeld van EEN dansbeweging wat met gebruik van die anatomiese aksie hierbo uitgevoer kan word (2)

**[8]**

**OF**

**VRAAG 4: BESERINGS EN BEHANDELING**

4.1 Wat is die verskil tussen 'n *verstuiting/verswikking* en 'n *verrekking*? (2)

4.2 Noem VIER van die hoofoorsake van 'n kniebesering in die dansklas. (4)

4.3 Verduidelik TWEE maniere om jou knieë in die dansklas te beskerm om moontlike kniebeserings te voorkom. (2)

**[8]**

## VRAAG 5: POSTUUR/VEILIGE STREKWERK

**A** **B**



[Bron: www.dancemagazine.com]

5.1 Bestudeer die foto's hierbo. Dui aan of die posture in **A** en **B** KORREK of VERKEERD is. Staaf jou antwoord en noem in ELKE geval wat die verband met veilige danspraktyk is. (3)

5.2 Baie dansonderwysers, bekommerde ouers en gesondheidskundiges sukkel met wat hulle in die danswêreld, veral aanlyn, sien gebeur.




[Bron: www.theballetblog.com]



[Bron: www.danceproject.ca]

**Is oorstrekking/te veel strek sleg vir jou?**

Verwys na die stelling en die prentjies hierbo en gee jou mening en voorstelle oor veilige strekwerk. (4)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: GEMEENSKAPSDANSPROJEK EN LOOPBANE

Die plaaslike regering het jou versoek om die opvoerings/optredes by 'n DANS-EN-KUNSTEFEES, wat hulle befonds, in 'n arm gemeenskap te organiseer.

Berei inligting vir die plaaslike regering voor wat die volgende insluit:

- Ten minste VIER aspekte oor die doel van die dans-en-kunstefees en die impak/invloed wat dit op die gemeenskap kan hê (4)
- Beskryf, in besonderhede, DRIE geriewe/fasiliteite en/of bronne wat vir die opvoerings/optredes benodig sal word (3)
- Noem DRIE werksgeleenthede/-poste in kunsproduksie wat vir die dans-en-kunstefees geskep sal word en verduidelik die funksie van elkeen van hierdie werksgeleenthede/poste (3)

**[10]**

### VRAAG 7: FUNKSIES VAN DANS IN DIE SAMELEWING EN DANSVORME

7.1 Hoe kan dans tot ontwikkeling in die kategorieë hieronder bydra?

Kies slegs DRIE kategorieë en gee 'n insiggewende beskrywing van ELKE gebied:

7.1.1 Onderwys (2)

7.1.2 Sosiale/Persoonlike transformasie (2)

7.1.3 Kommunikasie (2)

7.1.4 Godsdiens (2)

7.1.5 Protes/Verset (2)

7.2 Vergelyk en verduidelik VIER ooreenkomste en VIER verskille tussen die bewegingsbeginsels van Afrika-dans en die bewegingsbeginsels van ENIGE ANDER dansvorm wat jy bestudeer het.

Jou antwoord moet SLEGS fokus op die bewegingsbeginsels van die dansvorme wat jy in jou antwoord bespreek, Afrika-dans en nog 'n dansvorm. Noem die ander dansvorm in jou antwoord. (8)

**[14]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 8: MUSIEK VAN 'N VOORGESKREWE WERK

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| George Balanchine | *Apollo/Jewels (Emeralds, Rubies, Diamonds)* |
| Jiri Kylian | *Wings of Wax/Stamping Ground* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |
| **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
| Alfred Hinkel | *Cargo/I am Cinnamon/Rain in a Dead Man's Footprints/Bolero/Last Dance* |
| Carolyn Holden | *Blood Wedding/Imagenes* |
| Dada Masilo | *Swan Lake/Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons/Skeleton Dry* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

Beskryf die musiek van EEN van die voorgeskrewe danswerke wat jy hierdie jaar bestudeer het (hierbo genoem). Sluit die volgende in:

8.1 Gee die name van die danswerk en die choreograaf wat jy gekies het.

8.2 Gee die name van die komponis, groep of musikante. (1)

8.3 Wat is die genre of styl van die musiek? (1)

8.4 Ontleed hoe die musiek/begeleiding hierdie danswerk versterk. Gee spesifieke voorbeelde uit die danswerk. (4)
**[6]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 9 : CHOREOGRAAF EN DANSWERK**

Kies EEN van die danswerke en choreograwe uit die lys op bladsy 7 en berei 'n onderhoud vir 'n televisie-geselsprogram voor. Jy moet relevante, interessante vrae opstel en feitelike antwoorde oor die choreograaf en die danswerk verskaf.

Gee die name van die choreograaf en die danswerk wat jy gekies het.

Jou onderhoud moet die volgende insluit:

- 'n Inleiding en 'n slot/gevolgtrekking
- Invloede, assosiasies/samewerking en medewerking
- Bewegingswoordeskat en choreografiese styl gebruik
- Simboliek
- Bydrae tot die dansprofessie **[30]**

**OF**

**VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE DANSWERK EN CHOREOGRAAF**

Berei 'n aanbieding vir dansleerders oor die choreograaf, Alfred Hinkel, en die danswerk, *Bolero/Last Dance*, voor.

Jou aanbieding moet die volgende insluit:

- 'n Inleiding en 'n slot/gevolgtrekking
- Invloede, assosiasies/samewerking en medewerking
- Bewegingswoordeskat en choreografiese styl gebruik en hoe dit innoverend was
- Simboliek, jou opinie/interpretasie
- Bydrae tot dans in Suid-Afrika **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou